**Skriflesing:** Jeremia 29 vers 1-14 en 1 Petrus 2 vers11-12
**Tema**: God wil dat ek blom waar ek geplant is.

Dit is die jaar 597 v.C. Nebukadneser van Babilonië het Jerusalem, hoofstad van die Suidryk binnegeval. Die paleis en tempel is geplunder. Koning Jojagin moes oorgee en die leiers en vooraanstaande mense is in ballingskap na Babilonië weggeneem.
Hier is hulle in 'n heel nuwe situasie: 'n vreemde taal, vreemde gebruike en vreemde gode. Hulle is onseker en sonder hoop. Hulle is moeg en moedeloos, vreemd en kwaad en bang. Het God ons verlaat? God woon immers in die tempel in Jerusalem! En nou is Jerusalem ver en die tempel is erg beskadig.

Tweeduisend-seshonderd jaar later beleef ons hier in Suid-Afrika ons eie ballingskap. Baie dinge het vanaf 1994 verander. Ek sou 'n lang lys kon opstel wat ek nie gaan doen nie. Ons beleef verlies van mag. Ons as kerk neem nie meer so 'n sentrale plek in die samelewing in soos vroeër nie. Ons is vreemdelinge in ons eie land. Baie mense het letterlik geëmigreer. Talle oorweeg dit. Baie het innerlik geëmigreer. Hulle voel nie meer hier tuis nie. Fisies is hulle nog hier, maar innerlik het hulle onttrek. Hulle het hulle mure hoër gebou. Hulle is moeg en moedeloos, vreemd en kwaad en bang. Hulle het hoop verloor. Hulle het geen drome meer nie. Hulle vra ook: "het God ons verlaat?"

In hierdie situasie kom die Here en verseker ons: "Ek is die Here, die Almagtige." Ons lees hierdie versekering 5 maal in Jeremia 29. Hy is sterker as alles en almal.

Ballingskap is Sy straf op die sonde en ongehoorsaamheid van die volk Maak ook hierin en hierdeur is die Here in beheer. Ons lees in Jeremia 29 vers 4 en 14: "[4]So sê Ek, die Here die Almagtige, die God van Israel, vir al die ballinge **wat Ek uit Jerusalem in ballingskap** na Babel toe weggevoer het: " [14]Julle sal My ontmoet, sê die Here, en Ek sal julle terugbring uit die ballingskap uit. Ek sal julle bymekaarmaak tussen al die nasies uit en van al die plekke af **waarheen Ek julle verstrooi het**, sê die Here, en Ek sal julle terugbring na die plek toe **waarvandaan Ek julle in ballingskap weggevoer het."**

Ballingskap is Sy middel tot 'n groter doel. Hy wil dat Sy volk tot bekering sal kom. Hy is God van Israel, hulle Verbondsgod. Ook in ballingskap is God steeds by Sy volk. Al voel hulle vreemd en onveilig tussen mense wat 'n vreemde taal praat en ander gode dien, God is daar. In liefde dra Hy hulle. Hy sal Sy volk nooit los nie.

In die gelese gedeelte sien ons 2 maal dat Here, die Almagtige, spesifiek vir Sy volk sê:
**1. Terwyl julle in ballingskap is, blom nou waar julle geplant is.**
Hy roep ons op om op te hou verlang na die goeie ou dae. Hou op om op die ashoop te sit of in opstand te kom. Moet ook nie net sit en droom en wag vir toekoms wat Ek vir julle beplan nie. Nee, gaan nou voort met julle lewens!

Moenie aan die versoeking toegee om aan die openbare lewe en kerk te onttrek nie. Moenie terugtrek in julle private geestelike en kulturele wêreld waar dit net om jouself gaan nie. Moenie julself bejammer nie, moenie leef asof julle slagoffers is nie. Moenie mure bou, laer trek, of soos 'n blom wat te bang is om oop te gaan, toe bly nie.
Blom nou waar Ek julle geplant het. Iewers lees ek dat iemand skryf: "Die verlede gaan nie terugkom nie, die hede gaan nie weggaan nie en die toekoms gebeur nie vanself nie. Kom ons bou vandag aan God se beter toekoms.

Ballingskap is nie ons keuse vir lewe nie, maar dit is waar God met ons besig is. Wys dat jy glo dat waar jy nou is, die plek is waar die Here wil hê dat jy as Sy volgeling moet wees. Bou 'n huis en leef met oorgawe daarin! Jou lewe nou is belangrik. Leef dit! Vier fees en dien die Here!
Lê tuine aan en eet die opbrengs daarvan. Neem produktief deel aan die ekonomie van land.

Laat julle hande vuil word van hierdie aarde, plant bome vir die nageslag.

Trou en bring kinders in die wêreld en laat hulle trou en kinders in die wêreld bring. So wys ons dat ons glo dat ons as gesinne ʼn toekoms saam met God het.

Bevorder die belange van die stad, want sy belange is ook ons belange. Lewer ʽn positiewe bydrae. Neem deel aan verkiesings. Help iemand wat hulp nodig het, bou verhoudings en bevorder versoening. Bid tot Here vir die stad. Dien Hom. Volg Hom. Maak ʽn verskil vir Hom.

**2. Die tweede ding wat die Here vir sy volk sê is: Blom waar jy geplant is, want ons het ʽn toekoms.**

Ons lees in Jeremia 28 van die profeet Ganaja wat vir volk vertel dat hulle oor 2 jaar bevry gaan word uit ballingskap. Die volk moet hulle egter nie steur aan hierdie vals profete wat beweer hulle sommer gou sal huis toe gaan nie.

God se beloftes staan vas. Hy sal hulle op sy tyd laat huis toe gaan. Ons lees in Jeremia 29 vers10-14: " [10]So sê die Here: Oor presies sewentig jaar sal Ek Babel straf en julle onder my sorg neem en dan sal Ek my belofte nakom om julle hier na Jerusalem toe terug te bring. "[11]Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting! [12]Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. [13]Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra. [14]Julle sal My ontmoet, sê die Here, en Ek sal julle terugbring uit die ballingskap uit. Ek sal julle bymekaarmaak tussen al die nasies uit en van al die plekke af waarheen Ek julle verstrooi het, sê die Here, en Ek sal julle terugbring na die plek toe waarvandaan Ek julle in ballingskap weggevoer het."

Koning Kores van Persië sal die Babiloniërs na 70 verslaan en die volk laat huis toe gaan. God beplan voorspoed vir sy volk. Hy sê dit in Jeremia 29 vers 11 hierbo. Natuurlik kan die voorspoed materieele voorspoed wees. Maar dit is ook ʽn baie groter voorspoed. Dit is die lewe in oorvloed saam met God en geliefdes.

Dit is vals profete wat sê dat jy net die Here moet dien, dan sal dit goedgaan in 2018. Ons lees in die Bybel van geen gelowige met wie dit net goed gegaan het nie.

Mag die Here jou bederf. Mag 2018 jou beste jaar ooit wees. As 2018 in menslike terme nie vir jou so goeie jaar is nie, weet die Here seën jou steeds met Sy geestelike voorspoed. En Hy is met jou as Sy kind op pad na Sy volmaakte voorspoed. Terwyl ons op aarde is, lê die beste altyd vir ons voor.

Ons lees in 1 Petrus 2 vers 11-12 dat ons in hierdie wêreld vreemdelinge en bywoners is. Daar is nie iets soos dubbele lidmaatskap nie. Hier is ons vreemdelinge en bywoners. Ons kuier maar vir ʽn kort rukkie hier. Ons is op pad na Sy voorspoed, Sy toekoms, Sy verwagting vir ons. Ons is op pad huis toe.

**Afsluiting**

Die doel van ʼn gelowige se lewe is nie om so gerieflik as moontlik te leef nie. Dit is om eg, diep en geloofwaardig te leef voor God.

In jou ballingskap-bestaan, moenie vir jouself jammer voel nie. Jy het ʽn Almagtige God wat by jou is, vir jou vashou en jou nooit sal los nie.

Die omstandighede wat jy nou ervaar, die huis waarin jy leef, die gesin wat jy het, die werk wat jy doen, is jou geleentheid om te blom waar God jou geplant het. En onthou, Hy is met jou en my hierdeur op pad na Sy beter toekoms.

**Amen**